Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2025-05-14

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN MEI 2025

### EKSAMENROOSTER (GR 4 – 7) – MNR MULLER

| ***DATUM*** | ***VAK*** | ***GR*** |
|---|---|---|
| Maandag, 2 Junie | SW (Geografie) | 4 - 7 |
| Dinsdag, 3 Junie | Afrikaans | 4 – 7 |
| Woensdag, 4 Junie | NW en Teg<br>NW | 4 - 6<br>7 |
| Donderdag, 5 Junie | Wiskunde | 4 - 7 |
| Vrydag, 6 Junie | Tegnologie | 7 |
| Maandag, 9 Junie | Engels | 4 – 7 |
| Dinsdag, 10 Junie | SW (Geskiedenis) | 4 - 7 |
| Woensdag, 11 Junie | Kuns en Kultuur | 7 |
| Donderdag, 12 Junie | Lewensvaardigheid<br>Lewensoriëntering | 4 – 6<br>7 |
| Vrydag, 13 Junie | EBW | 7 |

### FONDSINSAMELING – ME T. GROBLER

Dankie vir elke Elsie wat ons so fluks gehelp het met die verkoop van die lootjies vir die fondsinsameling. Dit word waardeer.

Parkrun kaartjies kan by u kind se klasvoog teen R20 per persoon aangekoop word.



Koste sluit in:

- Parkrun
- Parkering op Hoërskool Elspark rugbyveld – ingang in Waaiboom straat
- Toegang tot die Elsiefees
- Gratis Vermaak (Sangeres tree op)
- Springkastele

Daar is ook 2 merietepunte vir elke leerling wat aan die pretstap deelneem en die fees bywoon.



Daar gaan heerlike eetgoed te koop wees (verskeidenheid stalletjies o.a. kos, speelgoed, gesigverf en haarsproei)

***PROGRAM VIR DIE DAG***

| | |
|---|---|
| 08:00 – 10:00 | Parkrun (wegspring op Hoërskool rugbyveld) |
| 10:00 – 12:00 | Elsiefees |
| 12:00 – 13:00 | Wenners van kompetisie word bepaal d.m.v. 'n hommeltuig wat 'n sandsakkie laat val. |

**Kom Elsies kom geniet die dag van onvergeetlike pret en wees deel van ons Elsiefees en Parkrun**

## OUMA- EN OUPADAG – ME H. GROBLER

Gr 1 tot Gr 3 leerlinge se oumas en oupas word hartlik uitgenooi na die Grondleggingsfase se Ouma- en Oupadag.

| | |
|---|---|
| Datum: | 28 Mei 2025 |
| Tyd; | 09:00 tot 11:30 |
| Bedrag: | R60 per persoon (sluitingsdatum – 21 Mei 2025) |

Skeurstrokies en gelde word ingehandig by Me H. Grobler voor 21 Mei 2025. Kom geniet 'n heerlike dag saam met ons!

## RUGBY- EN NETBALFOTO'S – ME E. ERASMUS

| | |
|---|---|
| Datum: | 20 Mei 2025 |
| Koste: | R35 per foto |

- Rugby- en netbalspelers mag met hulle wedstrydklere skool toe kom
- Bestellings en betalings moet by afrigter geplaas word of bewys van EFT betaling moet aan Afrigter gestuur/gewys word.

## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Die mini-netbal dogters lyk te pragtig in hulle netbalklere. Hulle speel hulle harte uit tydens wedstryde en pas hul vaardighede mooi toe met goeie sportmanskap.

Wedstryddatums vir die seisoen:

| | | |
|---|---|---|
| 24 Mei | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Elspark |
| 31 Mei | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Westwood |
| 7 Junie | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Brentwood |
| 17 Junie | : | 0/7 – 0/9 te Laerskool Delville |

Verdere datums sal aan u deurgegee word soos ons dit ontvang. Ons sien uit na 'n wonderlike, suksesvolle seisoen.

## NETBAL– ME DU TOIT

***Ligadatums*** :

| | | |
|---|---|---|
| 20 Mei | vs | Edleen (tuis) |
| 30 Mei | | Ekurhuleni Uitspele |
| 2 Junie | | D6 uitspele |
| 4 Junie | | Ekurhuleni B vs Distik wenners |
| 5 Junie | | Ekurhuleni uitspele |

## NETBAL C-SPANNE – ME BOTHA

***Wedstryddatums***.

15 Mei – Vriendskaplik
0/9 – 0/13 C spanne vs L/s Jan Van Riebeeck ( tuis)

Ons sien daarna uit om ons 0/9 – 0/13C spanne in aksie te sien.

## ROOIVALKIES – MNR WEIDEMAN

Ons Valkierugby seuns oefen reeds hard vir die seisoen.

O/7 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:00 tot 14:00.
Alle 0/7 seuns mag kom deelneem.

O/8 Seuns oefen Woensdae en Donderdae 13:30 tot 14:30.
Alle 0/8 seuns mag kom deelneem.

***Volgende Valkiedae***:

| | |
|---|---|
| 17 Mei | te Laerskool Witfield |
| 24 Mei | te Laerskool Elspark |
| 31 Mei | te Laerskool Westwood |
| 7 Junie | te Laerskool Brentwood Park |

## RUGBY – MNR BOTHA

Ons rugbyligas is aan die gang. Ons het reeds 3 wedstryde gespeel. Ons moedig die seuns aan om positief te bly en hard te oefen. Maak seker hul woon asb. oefeninge getrou by.

***Belangrike datums vir kwartaal 2***:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20 Mei | vs | Laerskool Dalview | tuis |
| 27 Mei | vs | Kempton Laer | weg |
| 3 Junie | vs | Laerskool Edleen | Tuis |
| 10 Junie | | Uitspeel wedstryde | |

| | |
|---|---|
| 17/18 Junie | Semi-finale |
| 24 Junie | Finale |

## LANDLOOP – ME BOTHA

Superreeks: 26 Junie 2025

Superreeks is om die draai! Atlete moet seker maak hulle is gereed – begin solank met oefeninge tuis en bou uithouvermoë.

Landloop oefening begin Maandag die 2de Junie.

## SKAAK – ME FANOE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandae tot Woensdae | Gr 3 tot 7 | 13:40 - 14:30 | in die saal. |
| Donderdae | Gr.1 en 2 | 13:40 - 14:30 | in juf. Fanoe se klas. |

***Die datums vir die Spankompetisies is as volg.***

- 16 Mei- Superreeks (net 0/11 gemengde span) – Inligtingsbrief sal uitgaan.
- 17 Mei – Van Dyk Primary (Alle spanne)

*Maak die regte skuif Elsies!*

## BOOGSKIET – ME JACOBS

***Belangrike datums:***

| | |
|---|---|
| 24 Mei | Klub Inyathi kolle kompetisie<br>Randfontein<br>Sluitingsdatum: 16 Mei<br>Koste: R75<br>Busvervoer beskikbaar |
| 31 Mei | Noord Gauteng kolle kompetisie<br>Centurion<br>Sluitingsdatum: 23 Mei<br>Koste: R75 |
| 7 Junie | Geen kompetisie maar hou die datum oop vir n belangrike funksie<br>Inligting sal nader aan die tyd deurgegee word. |
| 14 Junie | Klub Inyathi Kolle kompetisie<br>Randfontein<br>Sluitingsdatum: 6 Junie<br>Koste: R75 |

| | |
|---|---|
| 21 Junie | Mkulu Archery Klub<br>Plek sal bekend gemaak word<br>Sluitingsdatum: 13 Junie<br>Koste: R75 |

## JNR KOOR – ME NELL

Kooroefening vind plaas op:
Donderdae middae in die saal vanaf 13:30 tot 14:15.

**Koorwerkswinkel**

| | |
|---|---|
| Datum: | Saterdag, 7 Junie |
| Tyd: | 09:00 – 12:00 |
| Waar: | Skoolsaal |

## SNR KOOR – ME BADENHORST

Daar sal geen seniorkoor oefening hierdie Donderdag (15 Mei) wees nie! Kooroefening sal vanaf 22 Mei 14:15 – 15:15 wees in die skoolsaal.

**Marathon oefening**
Ons wil graag 'n marathon oefening hou Saterdag, 7 Junie 2025 vanaf 12:30 tot 17:00 in die skoolsaal. Hierdie oefening sal dien as goeie voorbereiding vir ons kunswedstryde wat voorlê.

Laai asb. u kind af en op by hek 4 in Ravenstraat.

## REDENAARS – ME NELL

***ATKV Redenaars 2025***
Baie dankie aan ons ATKV deelnemers wat 25 en 26 April 2025 deelgeneem het by Hoërskool Hans Moore. Ons is trots op julle en wag nog net vir die uitslae. Semifinaal vind plaas op Saterdag 24 Mei by Hoërskool Hans Moore om 08:00. Suksesvolle kandidate sal skriftelik in kennis gestel word as hulle deurgaan na die ATKV semifinaal.

***Afrikaanse Redenaars***
Afrikaans Redenaars eerste uitdunrondte het reeds plaasgevind 5-8 Mei in die klaskamer. Die daaropvolgende uitdunrondte het plaasgevind 12 Mei. Die suksesvolle kandidate sal 'n briefie ontvang indien hulle deurdring tot die Gala in die derde kwartaal.

## ELSIEWOOD EISTEDDFOD – ME MITTON

Ons hou weer vanjaar ons eie kunswedstryd.

| | |
|---|---|
| Plek: | Laerskool Elspark<br>Skoolsaal en Mediasentrum |
| Tyd: | Direk na skool |

Datum: 23 en 24 Junie
Koste: R50 per item
(Sluitingsdatum vir inskrywings – 23 Mei 2025)

Ons het vanjaar ook 'n kuns-afdeling. Prospektus is beskikbaar by Me Mitton. Indien u enige navrae het, is u welkom om haar te kontak op tania@elsies.co.za

**KOEKVERKOPING – ME LOURENS**

Ons Gr 4 en Gr 5 leerlinge se koekverkoping vind plaas op Donderdag, 29 Mei. 'n Meer gedetailleerde brief sal binnekort volg.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof

---

***SKEURSTROKIE***
***OUMA- EN OUPADAG***

Ek, ______________________________ ouer/voog van ______________________________
Graad ___ neem kennis van bogenoemde skrywe en wil graag ______ (aantal kaartjies) aankoop.

________________ ________ ________________
Handtekening van ouer Datum Kontaknommer